DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

**8 Januarie 2023**

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Genesis 26 (2020 vertaling) |
| **Tema** | Hoe lyk ons prioriteite vir 2023? |
| **Sang** | Psalm 33: 1, 5<br>Psalm 37: 2, 3, 23<br>Psalm 18: 11, 12<br>Psalm 2: 1, 6<br>Skrifberyming 18-7: 3, 12 |

Ons weet van Isak baie min. Hy is die seun van Abraham by Sara. Hy val in dieselfde strik as sy pa en vertel aan die koning van die Fiistyne ‘n leuen oor sy vrou. Die inwoners word baie jaloers oor sy welvaart en jaag hom weg uit hulle land. Isak trek weg en grawe die ou putte oop. Elke keer is daar rusie met die Filistyne totdat hy uiteindelik by ‘n plek kom en niemand oor die water veg nie. Hy noem dit Regobot – ruimtes.

Dit is nie voldoende om jouself 'n Christen te noem nie. Daar moet ook aan ons gesien kan word dat ons Christene is. So was dit by die dissipels van die Here Jesus. Hulle is as volgelinge van Jesus herken (Hand. 4:13). Die persoonlike omgang met die Here Jesus Christus het in hulle lewe sigbaar geword. Woorde en dade moet met mekaar in oorstemming wees. Dit kan in ons lewe lyding veroorsaak. Paulus het Timoteus reeds gewaarsku: almal wat godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word (2 Tim. 3:12). Dit was die ondervinding van Isak.

Waarom kon hy die lyding verduur? Hoekom was hy bereid om skade te ly? Ons kan dit aflees uit sy lewenspatroon, 'n patroon wat elke Christen in staat stel om die minste te wees, om hoon en smaad te verduur, om lyding te aanvaar. Toe Isak uiteindelik saam met sy vrou in Berseba kom doen hy drie dinge: hy bou 'n altaar, hy slaan sy tent op en hy gee aan sy slawe die opdrag om 'n put te grawe. Die altaar wys op Isak se godsdienstige lewe. Die tent wys op sy huislike lewe. Die put wys op sy maatskaplike lewe. Ons moet veral let op die volgorde: altaar, tent en put. Eerste kom die altaar, die lewe met die Here.

Dan die lewe in die tent saam met die gesin. En daarna kom die werk. Die altaar, waaragter die soenoffer gesoek word, waar die naam van die Here aangeroep word, is die inspirasiebron vir die lewe in die tent, en altaar en tent is weer inspirasiebronne vir die arbeid by die put. Dit maak 'n mens offerbereid, dit laat jou die minste wees, dit leer jou om lyding terwille van Christus te verduur. En so kan die mense sien dat die Here met jou is, dat jy 'n dissipel van Jesus Christus is. Jy leer om rusie en klagte op die regte wyse te verwerk en jy ontvang ruimte, heerlike ruimte in Christus, so is jy getroos en die mense kan sien dat die Here met jou is.

Hoe lyk ons prioriteite vir 2023?

## OOG VIR MEKAAR




* Ons innige simpatie met Nellie Buys wie se man, Andre, die week oorlede is. Hy het die afgelope aantal jare aan dimensie gely.
* Seënwense vir al die onderwysers, ouers en kinders wat die week met die jaarlikse skoolaktiwiteite begin. Mag dit met God se hulp en bystand ‘n baie voorspoedige jaar wees. Ons dink in besonder aan die kinders wat graad een aandurf en aan die matrikulante vir hulle laaste jaar.

# KONSISTORIEDIENSBEURTE 8 JAN 2023

**Diensbeurt: Wyk 2**
**Ouderling: Willie Eilers**

**Katkisasie: Geen**
**Diaken: JN Beyneveldt**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

# TEESKINKBEURTE




**8 Januarie 2023**
Estelle Adams
Antonette Albertyn
Colette Albertyn
Nelie Badenhorst

**15 Januarie 2023**
Annemarie Bakker
Alwina Beyneveldt
Ester Borman
Elzanne Botha

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 10 Jan 2023 | 10:00 | *Kerk* | Silwerdoppers |
| 15 Jan 2023 | Na erediens | *Kerk* | Katkisasie opening |
| 15 Jan 2023 | Na erediens | *Kerk* | Aktiwiteitskommissie |
| 16 Jan 2023 | 18:00 | *Kerk* | Diakensvergadering |
| 17 Jan 2023 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 18 Jan 2023 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




***Verjaarsdae***

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend / Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| Di 10 Jan | Julie Oelofse | 60 | B | 083 633 5168 |
| Wo 11 Jan | Gavin Nel<br>Elizabeth reinecke | 57<br>26 | B<br>B | 082 565 8441<br>078 386 9084 |
| Sa 14 Jan | **Sarie Hattingh ***<br>Antonie Weideman<br>Sheralyn J v Rensburg<br>Lumari vd Merwe<br>AB Grobler | **76**<br>54<br>35<br>21<br>13 | B<br>B<br>B<br>B<br>D | 082 567 0518<br>082 846 6850<br>084 785 3598<br>079 169 4006<br>071 885 8928 |

**Huweliksherdenkings**

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| (Ma) 9 Jan 1988 | Deon & Elaine Grobler | 35 | 083 276 3701<br>082 671 7343 |
| (Di) 10 Jan 2015 | Hendrik & Comin vd Walt | 8 | 072 200 1100<br>084 438 6872 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**En die Gees en die bruid sê: "Kom!"
En laat elkeen wat luister, sê: "Kom!"
En laat elkeen wat dors het, kom.
En laat elkeen wat dit begeer,
die water van die lewe kom kry,
verniet!**

**Openbaring 22:17**

## KATKISASIE KLASSE

**Lidmate en of ouers** van ons jonger geslag wat hulle weg oopsien **om ons te help met kategese klasse op Sondae** word versoek om **Nantes by die kerkkantoor te kontak.**



## SILWERDOPPERS


**Die Silwerdoppers se eerste** bymekaar kom **kuiertjie vir 2023 is op 10 Janaurie 2023 om 10:00** hier by die kerk.
Bring **'n bordjie eetgoed saam** en kom kuier saam met ons.



Almal van **60 tot 100 + is meer as welkom** om by ons aan te sluit.

## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor **benodig klerehangers** om al die ou klere wat ontvang is op te hang. **Lidmate wat ou- of ekstra klerehangers het** word versoek om **asb die by die kerkkantoor af te lewer**, ons kan dit met vrug aanwend.



| | | |
|---|---|---|
| <u>Preke</u><br><br>Kan afgelaai word op:<br><br><u>www.gereformeerd.co.za</u> | <u>Kerkkantoor</u><br>Faksnommer<br><br><u>Webwerf</u><br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| <u>Koster</u><br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br><u>Orreliste</u><br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | <u>Bankbesonderhede</u><br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Koningskinders<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg<br><br>Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

***Hulle het geantwoord: "Ons het baie duidelik gesien die Here is by jou. Ons wil onder eed 'n ooreenkoms met jou aangaan. Ons wil 'n verdrag met jou sluit***

***Genesis 26: 28***



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**